

Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsonluste aan die Rand, 1922

Eerste voorlegging: Februarie 2002

Die voortslepende arbeidsgeskilte tussen die Kamer van Mynwese en die wit mynwerkerunies aan die Rand het in Maart 1922 tot 'n staking gelei. Nadat onderhandelinge misluk het, het militante stakers polisiestasies aan die Rand aangeval. Die regering het daarop krygswet afgekondig en die Unieverdedigingsmag gemobiliseer om wet en orde te herstel. Die Unieverdedigingsmag, bygestaan deur die Suid-Afrikaanse Polisie, het verskeie militêre operasies teen die stakerkommando's geleids. Alhoewel dit meestal infanterie-operasies was, het artillerie en lugkrag ook 'n beslissende rol gespeel om die onrus vinnig en met die minimum lewensverlies te onderdruk.

The role of the Union Defence Forces in the suppression of the industrial unrest on the Rand in 1922

Wage and labour disputes between the Chamber of Mines and white unionised workers on the Rand led to an industrial strike in March 1922. Negotiations failed and militant strikers attacked several police stations on the Rand. The Government proclaimed martial law and mobilised the Union Defence Forces to restore law and order. The Union Defence Forces, assisted by the South African Police, launched a series of military operations against the strike commandos. Although these were mainly infantry operations, artillery and air power also played a vital role in suppressing the unrest quickly and with minimal losses on both sides.

Kapt A M Fokkens, Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie, Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X2, Saldanha 7395; E-pos: fokkens@ma2.sun.ac.za; Lt kol (dr) G E Visser, Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie, Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X2, Saldanha 7395; E-pos: visser@ma2.sun.ac.za

Die Unie van Suid-Afrika het in die eerste paar dekades na sy totstandkoming in 1910 verskeie interne opstande beleef. Die Suid-Afrikaanse Polisie was nie in staat om dié opstande te onderdruk nie en die Unieregering was telkens verplig om militêre mag aan te wend om wet en orde te herstel. Ofskoon die Unieverdedigingsmag reeds in 1912 formeel tot stand gekom het, was dit nie gereed om die eerste ernstige nywerheidsonlus in die Unie, die Randsse mynwerkerstaking van Julie 1913, te onderdruk nie. Die Minister van Verdediging, genl J C Smuts, was gevolglik verplig om imperiale troepe vir dié doel te gebruik. Toe nywerheidsonluste in Januarie 1914 weer aan die Rand opgevlam het, was die jong Unieverdedigingsmag egter reeds sodanig georganiseer dat Smuts dit wel kon aanwend om die onrus te onderdruk. Dié operasie het glad en feitlik sonder lewensverlies verloop.

Suid-Afrika se toetreding tot die Eerste Wêreldoorlog in September 1914 het 'n veel ernstiger interne krisis in die Unie ontketen, toe 'n gedeelte van die Afrikanerbevolking die wapen teen die Unieregering opgeneem het uit protes teen sy oorlogsverklaring teen Duitsland. Alhoewel dié Rebelle van 1914-15 'n veel ernstiger toets aan die Unieverdedigingsmag gestel het, is dit ook relatief vinnig en met min bloedverlies onderdruk.¹ In Mei 1921 het die Unieverdedigingsmag 'n klein artillerie- en mediese element verskaf om die SA Polisie met die onderdrukking van die sogenaamde Bulhoek-opstand naby Queenstown behulpsaam te wees. Dié optrede het gespruit uit die sogenaamde "Israeliete", 'n separatistiese kerkgroep onder Enoch Mgijima, se weiering om die openbare grond waarop hulle vir meer as 'n jaar geplek het, te ontruim. Die Polisie het egter daarin geslag om die opstand sonder die aanwending van die artillerie te onderdruk.²

Noodsaaklik soos die aanwending van die Unieverdedigingsmag was om die wet en orde weens die ontoereikende sterkte van die Polisie te herstel, het die gebruik van militêre mag telkens skerp kri-

1 J Ploeger, *Op Brandwag: drie eeue militêre geskiedenis van Suid-Afrika*, *Militaria* 1969 1(4): 15-20; C J Jacobs, Die rol van die Unieverdedigingsmag in die onderdrukking van die nywerheidsonluste van Januarie 1914, *Militaria* 1986 18(4): 48-51.

2 D H Makhobe, Confrontation with the police: the Israelites of Enoch Mgijima and the Bulhoek massacre of 24 May 1921, *Militaria* 1996 26(1): 27-36.

tiek teen die regering — veral teen genl J C Smuts, eers as Minister van Verdediging en later as Eerste Minister — ontlok. Die publiek het veral die afkondiging van krygswet verafsku en genl Smuts sterk weens sy aandeel in daardie verband tydens die 1914-staking veroordeel.³

ONDANKS die vroeëre kritiek teen sy hardhandige optrede om binelandse onluste te onderdruk, het genl Smuts in 1922 nie gekroom om weer die Unieverdedigingsmag te mobiliseer toe arbeidsonrus opnuut aan die Witwatersrand uitbreek het nie.

Vandag, presies 80 jaar ná die gebeure van 1922, is daar reeds verskeie studies oor die Randse Staking gepubliseer. Werke soos B Hessian se *An investigation into the causes of the labour agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922* (ongepubl MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand, 1957) en F J van Heerden se *Randse staking van 1922* (ongepubl MA-verhandeling, PU vir CHO, 1965) fokus veral op die arbeidsgeskille as sodanig en die gepaardgaande sosio-politieke aspekte, sonder om veel aandag aan die militêre operasies te skenk. W Urquhart se *The outbreak on the Witwatersrand, March 1922* (Johannesburg: Hortors Ltd, 1922), N Herd se *1922, Revolt on the Rand* (Johannesburg: Blue Crane Books, 1966) en A G Oberholster se *Mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922* (Pretoria: RGN, 1982) neem, naas die ekonomiese, politieke en maatskaplike aspekte van die gebeure, ook die militêre sy van sake onder die loep. Tog is daar uit 'n militêre oogpunt nog aspekte wat verdere ondersoek verdien. Hierdie artikel fokus derhalwe op 'n ontleding en evaluering van die Unieverdedigingsmag se rol in die onderdrukking van die staking vanuit 'n operasioneel-taktiese perspektief. Die klem val op die voorbereiding en mobilisering van die Unieverdedigingsmag en sy taktiese ontplooiing binne 'n stedelike gebied teen die agtergrond van die heersende sosio-politieke omstandighede aan die Rand.

3 W K Hancock, *Smuts: the fields of force, 1919-1950* (Cambridge: Cambridge University Press, 1968): 81, 87-88.

1. Die voorspel tot militêre ingryping in die 1922-staking

Geskille oor werksomstandighede, werksure, mannekraginkortings en veral lone het agtereenvolgend in 1907, 1913, 1914 en 1920 tot arbeidsonrus aan die Witwatersrand gelei. Dieselfde basiese griewe het ook die 1922-staking ten grondslag gelê.⁴ Die verswakke ekonomiese toestand in die Unie ná die Eerste Wêreldoorlog en die gepaardgaande styging in produksiekoste het mynmaatskappye in 'n benarde posisie geplaas. Die goudmynbedryf moes veral daadwerklik stappe doen om winsgewend te bly. Die Kamer van Mynwese kon niks aan die stygende koste van mynbougereedskap doen nie, maar hulle kon wel die myne se produktiwiteit probeer verhoog en op lone bespaar.⁵

Die Kamer van Mynwese het op 28 Desember 1921 kennis gegee dat dit vanaf 1 Februarie 1922 die sogenaamde *status quo*-ooreenkoms, wat bepaalde werksgeleenthede, hoofsaaklik geskoolde en halfgeskoolde werk, vir blankes gereserveer het, opsê. Verder sou die beter betaalde wit werkers se lone verlaag word en die beginsel van "een man, een werk" ten opsigte van blanke werkers afgeskaf word, ten einde die indiensneming van halfgeskoolde wit werkers te verminder. Dié maatreëls het beteken dat sowat 2 000 halfgeskoolde blanke werkers dadelik hulle werk sou verloor, terwyl soveel as 15 000 uiteindelik die trekpas kon kry.⁶

Wit werkers in die steenkoolmyne, kragstasies en masjienwerkplase aan die Rand het dieselfde bedreiging as hul kollegas in die goudmyne in die gesig gestaar. Onderhandelingspogings tussen die

4 D Jacobsson, *Fifty golden years of the Rand 1886-1936* (London: Faber and Faber, 1936): 87-9; M Steyn, *Stakings aan die Rand gedurende die twintiger- en tagtigerjare*, ongepubl MA-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1992: 10.

5 B J Liebenberg & S B Spies (eds), *South Africa in the 20th century* (Pretoria: Van Schaik, 1993): 145-46, 148; T R H Davenport, *South Africa, a modern history*, 4th ed (London: MacMillan, 1991): 253; A G Oberholster, *Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922* (Pretoria: RGN, 1982): 62-3.

6 Davenport, *South Africa, a modern history*, 1991: 254; Liebenberg & Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, 1993: 148.

Kamer van Mynwese, die SA Vakbondfederasie en die Smuts-regering om die arbeidsgeskille by te lê, het klaaglik misluk. Dit het gevolglik teen 9 Februarie 1922 op 'n algemene staking onder wit werkers uitgeloop, wat daartoe gelei het dat 20 000 blanke werkers en 180 000 swart werkers nie gewerk het nie. Dié staking het die myne van Randfontein af in die weste tot by Springs in die ooste, asook die Johannesburgse masjienwerkplase en kragstasies, tot stilstand gebring. Slegs noodsaaklike dienste, soos die uitpomp van water, is verrig om te verhoed dat die myne permanent gesluit sou moes word.⁷

Die blanke mynwerkers het teen 1922 nog nie genl Smuts se hardhandige hantering van die 1914-staking vergeet nie. Hy was in hul oë 'n marionet in die hande van die kapitalistiese bankiers en myneienaars. Dit het sy pogings om hul geskille deur onderhandelinge by te lê, ernstig gekortwiek. Die SA Vakbondfederasie het intussen ook luidkeels propaganda gemaak dat die ganse blanke samelewing in die gedrang was en politieke partye, soos die Nasionale Party van genl J B M Hertzog, die geleentheid gebied om die saak in die politieke arena verder te voer. Opposisieleiers soos F H P Creswell (Arbeidersparty) en Tielman Roos (die Transvaalse leier van die Nasionale Party) het dan ook sy taak aansienlik bemoeilik deur hul solidariteit met die SA Vakbondfederasie te verklaar en sterk teen Smuts uit te vaar.⁸

Smuts het op 11 Februarie 1922 'n laaste beroep op die myneienaars en mynwerkers gedoen om die mynbedryf aan die gang te kry. Hy het die mynwerkers versoek om die staking af te gelas en polisiebeskerming belowe aan die lede wat teen 13 Februarie na hul werk teruggekeer het. Dié poging was ook onsuksesvol. Diegene wat wel gaan werk het, het onder grootskaalse intimidasie en geweld uit die geleedere van die stakerkommando's deurgeloop. Smuts het nou besef dat verdere onderhandeling nutteloos sou wees. Wat hom betref het,

7 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 73-87, 94-9; Steyn, *Stakings aan die Rand*, 1992: 22, 28; Liebenberg & Spies (eds), *South Africa in the 20th century*, 1993: 148.

8 Hancock, *Smuts: the fields of force*, 1968: 64-5, 71, 81; J Simons & R Simons, *Class and colour in South Africa, 1850-1950* (Londen: International Defence and Aid Fund, 1983): 288; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 94-9.

het die regering reeds alles in sy vermoë gedoen om die onrus vreedsaam op te los.⁹

Die stakerkommando's wat uiteindelik van 50 tot 500 man in sterkte gewissel het en hoofsaaklik uit Afrikanergeleedere afkomstig was, is aan die begin van die staking gestig om rus en vrede te bewaar en die stakers besig te hou. Hulle het hulle aanvanklik effektief van hul taak gekwyt en selfs goed met die polisie saamgewerk. 'n Radikale, rewolusionêre element het egter gaandeweg die septer in die stakerkommando's begin swaai, sodat hulle toenemend militant geword het. Die meganisme wat wet en orde onder die stakers moes handhaaf, het nou gewelddadig teen stakingbrekers opgetree om die staking in stand te hou. Die polisie was verplig om hardhandig teen die stakerkommando's op te tree, veral aangesien die regering beskerming aan die stakingbrekers belowe het. Hulle is egter in baie gevalle deur die stakerkommando's se getaloorwig verhoed om hulle werk na behore te doen.¹⁰

Kol T G Truter, Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, het op 22 Februarie 1922 'n proklamasie uitgereik wat die stakerkommando's en soortgelyke groeperings verbied het om mense te molesteer, stakingbrekers se familieledede te intimideer en myneiendomme te beskadig. Dié proklamasie het inderdaad ook die byeenkoms van stakerkommando's en dergelyke groeperings onwettig verklaar. Die polisie het egter die opbreek van sodanige byeenkomste uiters versigtig gehanteer om onnodige geweld te voorkom. Lt kol R S Godley, Adjunkkommissaris van Polisie aan die Witwatersrand, het uitdruklike riglyne in dié verband uitgereik, maar gewaarsku dat geweld, indien nodig ook wapengeweld, gebruik sou word om wet en orde af te dwing.¹¹

9 Davenport, *South Africa, a modern history*, 1993: 255; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 94-9; Steyn, *Stakings aan die Rand*, 1992: 28.

10 Davenport, *South Africa, a modern history*, 1993: 255; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 94-9, 136-44; Hancock, *Smuts: the fields of force*, 1968: 80; Anon, The Red Revolution on the Rand: holding down the lid of hell, May 1922, *The Nonqai*, 13(5): 257.

11 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 144.

Die Unieverdedigingsmag het tot in daardie stadium nog geen aktiewe rol in die onderdrukking van die staking gespeel nie, maar het wel voorbereidings getref vir moontlike hulpverlening. 'n Totaal van 35 Staandemaginstrukteurs vanuit die verskillende militêre distrikte van die Unie het opdrag ontvang om by die SA Militêre Skool (tans die SA Leërkollege) te Robertshoogte (later Voortrekkerhoogte, tans Thaba Tshwane) aan te meld. Daar het hulle saam met instrukteurs van die Militêre Skool tien spesiale masjiengeweerafdelings tot stand gebring, wat op 'n gereedheidsgrondslag geplaas is om te eniger tyd vanaf 11 Februarie aan die Witwatersrand te ontplooi.¹²

2. Die Unieverdedigingsmag se hulp word ingeroep

Die polisie het uiteindelik eers op 22 Februarie militêre versterkings aangevra, waarop die Unieverdedigingsmag ses van die spesiale masjiengeweerafdelings na die Witwatersrand gestuur het. Die situasie op die Rand het egter sodanig versleg dat kol Truter op 28 Februarie verdere militêre versterkings aangevra het. Die Minister van Verdediging, kol H Mentz, het gevolglik opdrag gegee dat elemente van die Staande Mag aan die Oos-Rand ontplooi word, waarop twee berede eskadrons, die 1ste (onder aanvoering van maj J F Wolmarans) en 3de Permanente Batterie Zuid-Afrikaanse Berede Skutters (ZABS — onder aanvoering van kapt Hunt-Grubbe), dieselfde middag onderskeidelik na Benoni en Boksburg vertrek het. Dié magte het hul bestemmings eers die oggend van 1 Maart bereik.¹³

Teen die einde van Februarie het die stakerkommando's met die polisie slaags geraak en het verskeie insidente plaasgevind wat tot die ineenstorting van wet en orde bygedra het. Een van die insidente het op 28 Februarie plaasgevind, toe stakers in Boksburg na die tronk

12 Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argief (hierna SANWA), Argiefgroep van die Sekretaris van Verdediging (hierna DC), houer 460, lêer 2/52032: Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële onluste wat op rewolusie uitgeloopt het, Hoof van die Generale Staf, 22 Maart 1922; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 144.

13 SANWA, DC 460, lêer 2/52032: Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële onluste, 22 Maart 1922; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 266; Oberholster, *Die mynwerkerstaking* 1982: 170.

Fokkens & Visser/Die rol van die Unieverdedigingsmag

gemarsjeer het om na bewering vir hul aangehoude kamerade te sing. Kapt J Fulford van die SA Polisie op Boksburg was onder die indruk dat hulle die tronk wou aanval om hulle makkers te bevry en hy het hulle gelas om uiteen te gaan. Hulle het na sy mening sy bevele verontagsaam, waarop hy 'n afdeling polisiemanne onder aanvoering van kapt O S Leishman beveel het om 'n knuppelstormloop te loods. Drie stakers het in die daaropvolgende geveg gesneuwel.¹⁴

Die stakers het as gevolg van die Boksburg-voorval meer militant geword. Die polisie het verdere geweldpleging gevrees en besef dat die twee eskadrons Berede Skutters nie voldoende sou wees nie. Lt kol N H M Burne het gevolglik dieselfde nag wat die Boksburg-voorval plaasgevind het, opdrag ontvang om met die res van die Staande Mag en die oorblywende vier spesiale masjiengeweerafdelings per trein na die Oos-Rand te gaan. Verder het die Unieverdedigingsmag ook 'n spesiale kortdienseenheid van die Staande Mag op die been gebring, aangesien die Verdedigingswet bepaal het dat 'n vrywilligereenheid as deel van die Staande Mag vir die duur van onrusituasies op die been gebring kon word. Weens tyds- en finansiële beperkings het dié eenheid slegs uit 120 in plaas van die beplande 500 man bestaan, sodat dit as die kortdienskompanie bekend gestaan het. Die taak van dié kompanie was om die wag- en ander dienste van die Staande Mag in Pretoria oor te neem. Dit kon ook vir diens buite Pretoria aangewend word indien die Aktiewe Burgermag opgeroep sou word.¹⁵

Die Boksburg-voorval het sterk openbare reaksie uitgelok. Veral genl Smuts se besluit om nie 'n ondersoek na dié insident te gelas nie, het skerp kritiek van sowel die stakers as die politieke opposisie uitgelok. Die stakerkommando's het gevolglik doelbewus hul fokus van die stakingbrekers na staatseiendom en diegene wat die staatsgesag verteenwoordig het, verskuif. Dit het tot meer gewelddadige konfrontasies tussen die polisie en die stakerkommando's gelei. Dit alles het die geesdrif van die opstandelinge sterk aangeblaas. Duisende

14 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 145-6.

15 SANWA, DC 460, lêer 2/52032: Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële onluste, 22 Maart 1922; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 266; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 170.

stakers van oor die hele Witwatersrand het op 2 Maart die begrafnisdiens van die twee stakers wat tydens die Boksburg-voorval gedood is, bygewoon. Op 4 Maart het die Vergrote Uitvoerende Raad van Vakbonde 'n brief aan die Kamer van Mynwese gerig in verband met moontlike samesprekings oor die hervatting van die mynbedrywig-hede. Die Kamer van Mynwese het egter met 'n ondiplomatiese, beledigende brief gereageer, waarin hy sy voorwaardes herhaal en te kenne gegee het dat hy nie die SA Vakbondfederasie as verteenwoordiger van die mynwerkers erken het nie. Dit het die uiteraard die spanning aan die Rand verder laat toeneem.¹⁶

Die Kamer van Mynwese se brief het die vakbondleiers in diskrediet gebring en die weg gebaan vir ekstremiste in die Aksieraad om 'n belangriker rol te begin speel. Dié Raad is in Julie 1921 gestig deur 'n aantal persone wat by die vakbonde in onguns verval het en het uitgesproke kommuniste soos P Fisher, J Wordingham en E Shaw in sy geledere getel. Die Aksieraad het hom ten doel gestel om die beginsels van die Marxisme uit te dra en 'n werkersrepubliek in Suid-Afrika tot stand te bring. Die Aksieraad het die daadloosheid van die SA Vakbondfederasie en die Vergrote Uitvoerende Raad uitgebuit en probeer om die stakers se moreel hoog te hou en die stakers tot gewelddadige optrede teen die regering, die myneienaars en stakingbrekers aan te hits. Shaw, wat vir aanhitsing tot openbare geweld aangehou is, het na sy vrylating uit die tronk verklaar dat alle groot historiese veranderinge en hervorminge deur geweld teweeggebring is. Geweld was dus die stakers se oplossing in hulle stryd teen die myneienaars indien daar nie aan hulle eise voldoen is nie. Dié kommunisties-revolusionêre aanhitsing en die dinamiese optrede van die Aksieraad het byval by die werkers gevind, sodat die Aksieraad se invloed ten koste van dié van die Vergrote Uitvoerende Raad van Vakbonde gegroei het. Die Aksieraad se Aksiekomitee, waarop Fisher, Wordingham en Shaw gedien het, het hom vir 'n algemene staking beywer. Die Vergrote Uitvoerende Raad, daarenteen, was nie ten gunste van sulke radikale optrede nie, wat bygedra het tot sy diskreditering by die stakers. Die Aksiekomitee het egter geen gesaghebbende stem binne die Bestuur gehad om besluite daadwerklik te be-

16 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 146, 149-50; Steyn, *Stakings aan die Rand*, 1992: 35.

invloed nie. Slegs deur die volgehoue steun van die stakerkommando's sou hulle deurentyd 'n bepalende invloed op die gebeure aan die Rand kon uitoefen.¹⁷

Die Vergrote Uitvoerende Raad van Vakbonde het op 6 Maart in die Vakbondsaaal, Johannesburg, saamgetrek om oor die toekoms van die staking te beraadslaag. Duisende stakers het rondom die saal saamgetrek en op 'n algemene staking aangedring. Hulle het gedreig dat hulle nie die vakbondleiers sou toelaat om die saal te verlaat, tensy daar aan hul eise voldoen is nie. Die Vergrote Uitvoerende Raad het onder dié druk geswig en ten gunste van 'n algemene staking besluit. Die algemene staking het onder die beheer van 'n vyfmankomitee, bekend as die "Groot Vyf", wie se identiteit geheim gehou is, gestaan.¹⁸

Die stakerkommando's het werkers deur geweld en intimidasie gedwing om aan die staking deel te neem. Baie stakers was onwillig om die wapen teen die staat op te neem, maar is deur gerugte van dreigende swart opstande oorgehaal om dit ter beskerming van hul families te doen. Die ekstremistiese leiers het hierdie vrees vir die "swart gevaar" doelbewus aangeblaas, totdat gevegte op 7 Maart in Vrededorp tussen swart werkers en wit stakers uitgebreek het. Dit het die onsekerheid onder stakers verhoog, wat daartoe bygedra het om hulle tot aksie aan te spoor. Daar was ook aanduidings dat die Aksiekomitee en die stakerkommando's hul eie agenda gevolg en radikale planne van regeringsomverwerping gesmee het, waarmee die Vergrote Uitvoerende Raad hom nie kon vereenselwig nie. 'n Koördineringsvergadering tussen die stakerkommandoleiers en die vyfmankomitee van die Vergrote Uitvoerende Raad op 8 Maart het geen resultate opgelewer nie.¹⁹

Die stakerkommando's het dus die geweldpleging teen die staatsgesag voortgesit, sodat die veiligheidsituasie aan die Rand verder versleg het. Die gevolg was dat die regering op 9 Maart op aanbeveling van die Minister van Verdediging verskeie eenhede van die Aktiewe Burgermag opgeroep het om die situasie die hoof te bied. Dié

17 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 114-5, 118, 153; Steyn, *Stakings aan die Rand*, 1992: 34-5; R K Cope, *Comrade Bill: the life and times of W H Andrews, workers' leader* (Cape Town: Stewart, 1943): 263.

18 Cope, *Comrade Bill*, 1943: 263-4; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 154.

19 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 156-7.

eenhede was die 8ste Burgerbattery (Transvaal Horse Artillery), die 8ste Infanterie (Transvaal Scottish), die 5de Berede Skutters (Imperial Light Horse), die 1ste Veldambulans (SA Geneeskundige Diens), die 12de Infanterie (Pretoria Regiment), die Durban Light Infantry, die Bataljonstaf en Kompanies "A" en "B" van 1 Infanteriebataljon en twee infanteriebataljons van die Spoorweë en Hawens Brigade.²⁰

Op die aand van 9 Maart het die polisiehoofkwartier in Johannesburg inligting ontvang dat die stakerkommando's beplan het om polisiestasies aan te val, waarna hulle 'n gekoördineerde opmars na die middestad van Johannesburg wou loods om beheer oor dié stad oor te neem. Die polisiebevelvoerder aan die Witwatersrand, Lt kol R S Godley, was nie in staat om sodanige aanvalle met sy beperkte mannekrag af te weer nie. Die polisie se sterkte aan die Rand het weliswaar tydens die staking van 1 192 tot 3 136 gestyg nadat versterkings van oor die hele land ingevoer is, maar dit was nie genoeg om die stakers effektief teen te staan nie, selfs nie met die aanvanklike steun wat die Unieverdedigingsmag verskaf het nie. Die wet en orde het gevolglik op die oggend van 10 Maart totaal in duie gestort, toe die stakerkommando's verskeie polisiestasies aan die Rand aangeval het. Met die beperkte magte tot sy beskikking het Lt kol Godley bloot probeer om die stakerkommando's besig te hou. Dié optrede het nogtans gehelp om te voorkom dat die verskillende stakerkommando's by mekaar aansluit vir die beplande opmars na die middestad. Die stakerkommando's het op hul beurt die polisiemagte met hulle aanvalle in hulle onderskeie gebiede vasgepen.²¹

Die polisie was slegs met kleinkaliberwapens toegerus en die meeste polisiestasies, waaronder Newlands, Auckland, Brixton-rant en Benoni, het hulle in 'n benarde posisie bevind. Hul kos- en ammunisievoorraad was totaal onvoldoende, terwyl die stakers hulle heeltemal omring, voortdurend met sluipskuttervuur gepeper en herhaaldelik met tuisgemaakte bomme bestook het. Die beleërde polisiemagte het gevolglik in die meeste gevalle aan die stakers oorge-

20 SANWA, DC 460, lêer 2/52032: Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële onluste, 22 Maart 1922; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 171.

21 Anon, *The Red Revolution*, 1922: 268; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 158-9.

gee. Benoni was een van die uitsonderings, waar die polisiemanne uitgehou het totdat die regeringsmagte hulle ontset het.²²

3. Die mobilisering van die Unieverdedigingsmag

Die wet en orde aan die Witwatersrand het met die aanvalle van die stakerkommando's op die polisiestases op 10 Maart totaal in duie gestort. Dit was duidelik dat die polisie, selfs met die ondersteuning van die Staandemagelemente wat reeds ontplooi was, nie die situasie sou kon bereedder nie. Dit het die Unieregering geen ander keuse gelaat as om die Unieverdedigingsmag te mobiliseer om die onluste te onderdruk nie. Die Unieverdedigingsmag was gereed om dadelik tot aksie oor te gaan, aangesien die regering in die lig van vorige nywerheidsonrus aan die Rand reeds in 1918 'n mobilisasieplan opgestel (en dit teen 1920 hersien het) om vir só 'n gebeurlikheid voorsiening te maak. Die Unieverdedigingsmag het dus te midde van sy afskaling en rasionalisasie ná die Eerste Wêreldoorlog voortgegaan om die nodige mannekrag en uitrusting vir moontlike ontplooiing aan die Rand te organiseer en kon dus sonder meer sy mobilisasieplan in werking stel toe die situasie aan die Rand hand-uit geruk het.²³

Die regering het op 10 Maart 1922 krygswet aan die Rand en aangrensende distrikte, naamlik Benoni, Bethal, Boksburg, Ermelo, Germiston, Heidelberg, Johannesburg, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Potchefstroom, Pretoria, Roodepoort-Maraisburg, Springs en Standerton, afgekondig. Hy het terselfdertyd twee proklamasies uitgevaardig waarkragtens sowel die Aktiewe Burgermag (klas "A"-reserwes), as die Burgermagreserwes (klas "B"-reserwes) wat nog nie opgeroep was nie, gemobiliseer kon word. Die klas "A"-eenhede ter sprake was die 10de Infanterie (Witwatersrand Rifles), die 11de Infanterie (Rand Light Infantry), die 3de Berede Brigadetrein, SA Intendants, die 3de Infanterie Brigadetrein en die 1ste Ge-

22 Anon, *The Red Revolution, 1922*: 259-61, 268-9; Oberholster, *Die mynwerkersstaking, 1982*: 159-60.

23 Union of South Africa, *Abridged Annual Report of the Department of Defence for the year end 30th June, 1921*: 9-17; Unie van Suid-Afrika, *Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika*, 47(1216), 10 Maart 1922, proklamatie no 50 van 1922; SANWA, DC 498, lêer 6/2/52454: Sekretaris van Verdediging — Minister van Verdediging, 28 Januarie 1922.

sondeheidsafdeling, SA Geneeskundige Diens. Die klas "B"-eenhede wat opgeroep is, was 26 kommando's van die Burgermagreserwe uit die gebiede waar krygswet afgekondig is. Hierdie kommando-eenhede is onverwyld per telegram opgeroep en die eerste kommando was binne 34 uur op pad na 'n versamelpunt. Sowat 55 uur ná die uitreiking van die oproepinstruksies het die kommando's reeds by hulle konsentrasiepunte begin aankom.²⁴ Met die afkondiging van krygswet in bovermelde gebiede het die Adjunkkommissaris van Polisie aan die Witwatersrand, Lt kol R S Godley, die verantwoordelikheid vir die handhawing van wet en orde en die beskerming van lewe en eiendom aan die Unieverdedigingsmag oorgedra. Die Aktiewe Burgermag- en kommando-eenhede wat opgeroep is, het daarop van hul onderskeie versamelpunte opgemars om die stakeropstande te onderdruk.²⁵

Die regering se aanvanklike mobilisasieplanne het nie vir die aanwending van vliegtuie voorsiening gemaak nie, maar teen die begin van 1922 was dié nuwe wapen wel deeglik by die Unieverdedigingsmag se beplanning ingeskakel. Synde 'n groot lugkragentoesias en hoofargitek van die Royal Air Force teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog,²⁶ was genl Smuts egter sekerlik diep onder die indruk van die potensieel deurslaggewende rol wat vliegtuie in polisiëringsaksies en die onderdrukking van binnelandse onrus kon speel. Hy was sekerlik ook bewus van die welslae waarmee Brittanje vliegtuie vir interne polisiëring in Somaliland (1919) en Irak (1920)²⁷ aangewend het. Danksy 'n ruim wapenskenking van die Britse regering in die loop van 1919 het die Unieverdedigingsmag oor meer as 100 vliegtuie mét onderdele, instandhoudingsgereedskap, loodse en brandstof beskik. Langs dié weg kon die Unieverdedigingsmag, ten spyte van die fase van afskaling en rasionalisasie waarin hy hom bevind het, 'n onafhanklike lugmag op die been bring. Teen 1922 was

24 Unie van Suid-Afrika, Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, 47(1216), 10 Maart 1922, proklamatie no 51-2 van 1922.

25 Oberholster, *Die mynwerkerstaking, 1922*, 1982: 172-3.

26 Hancock, *Smuts: the fields of force*, 1968: 6.

27 T Mason, *Air power, a centennial appraisal* (London: Brassey's, 1994): 6-7; J Pimlott, The British experience, I F W Beckett (ed), *The roots of counter-insurgency armies and guerrilla warfare, 1900-1945* (London: Blandford Press, 1988): 12, 23.

Fokkens & Visser/Die rol van die Unieverdedigingsmag

die Lugmagwerkswinkels reeds besig om die vliegtuie te monteer. Dié taak is egter teen die einde van Januarie 1922 tydelik opgeskort om 45 leërvoertuie gereed te maak om padvervoer vir die Leër se moontlike ontplooiing beskikbaar te stel. Die vliegtuigmontering is daarna hervat en teen 10 Maart was sewe De Havilland DH9- en DH4-vliegtuie vir militêre diens beskikbaar.²⁸

Die militêre owerhede het reeds vroeg in Januarie 1922 'n stelsel uitgewerk om samewerking tussen die lug- en landmagte te koördineer. Die rol van die Lugmag was tweeledig. Vliegtuie is eerstens in 'n verkenningsrol aangewend en tweedens om onwettige byeenkomste op te breek. Die vlieëniers het duidelike riglyne ontvang oor hoe hulle onwettige byeenkomste moes opbreek. Die regering het voorts die prosedure wat met die aanwending van vliegtuie gevolg sou word in koerante in die onrusgebiede gepubliseer, sodat die stakers en die algemene publiek dus presies sou weet wat om te verwag. Die koerantberigte het dit duidelik gestel dat die vliegtuie drie stappe sou uitvoer om 'n onwettige vergadering op te breek. Die vlieënier sou as eerste stap op 'n hoogte van 500 voet om die skare vlieg en met 'n seinpistool rooi fakkels afvuur as 'n waarskuwing vir die skare om uitmekaar te gaan. As tweede stap, indien die skare nie uiteengegaan het nie, sou die vlieënier laag oor die skare vlieg en masjiengeweesarsies in die lug afvuur. Indien dit ook onsuksesvol was, sou die vlieënier masjiengeweevuur op die skare neerbring.²⁹

Die owerhede het voorts 'n geheime dokument onder alle bevelvoerende offisiere van die regeringsmagte gesirkuleer wat, naas bogenoemde drie stappe, verdere optredes uitgestippel en die kommunikasieprosedures tussen die lug- en grondmagte uiteengesit het. Dié

28 W A Doring, 'n Kort kroniek van die Suid-Afrikaanse weermag 1912-1987, *Militaria* 1987 17(2): 31-2; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 168-9; SANWA, DC 229: Departement van Verdediging Jaarverslag, 30 Junie 1922.

29 SANWA, DC 3520: Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure A: Action by aircraft if ordered to assist the civil power to disperse illegal assembly to air operations from March 10th to March 15th; SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Opbreking van onwettige byeenkomste deur die lugmag; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 168.

dokument het bepaal dat indien stap drie nie die gewenste resultate opgelewer het nie, die vlieënier as vierde stap bomme tussen die skare moes ingooi. Elke grondbevelvoerder sou voorsien word van stroke wit doek van verskillende lengtes en sowat 'n meter breed. Die doel daarvan was eerstens om 'n vooraf ooreengekome indentifikasie-letter aan die vlieëniers te vertoon, sodat hulle die regeringsmagte kon uitken. Die letters H, I, L, T, V, X en Z is vir dié doel gebruik, aangesien dit maklik op die grond uitgelê kon word. 'n Verdere deel van die bevelvoerder se witdoekinventaris was 'n sirkel en 'n pyl. Soos in onderstaande skets aangetoon word, het die grondbevelvoerder dan die sirkel, met die pyl daarin, op die grond uitgelê, sodat die pyl in die rigting van die skare teen wie stappe een tot vier gevolg moes word, gewys het. Die identifikasieletter vir die dag is langs die sirkel vertoon.³⁰



4. Die ontplooiing van die Unieverdedigingsmag

Die Unieverdedigingsmag het met sy gesagsoorname by die SA Polisie dadelik 'n sestal senior offisiere aangestel om wet en orde in die onderskeie onrusgebiede te handhaaf. Brig genl P S Beves het verantwoordelikheid vir Johannesburg (Witwatersrand-Sentraal) aanvaar, terwyl brig genl sir J L van Deventer die bevel aan die Oos-Rand, insluitende die landdrosdistrikte van Germiston, Boksburg, Benoni, Springs en Brakpan, oorgeneem het. Aan die Wes-Rand was lt kol A H M Nussey in bevel van die landdrosdistrikte Krugersdorp en Roo-

30 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Opbreking van onwettige byeenkomste deur die Lugmag.

Fokkens & Visser/Die rol van die Unieverdedigingsmag

depoort-Maraisburg. Lt kol I Swemmer was in beheer van die landdrosdistrikte van Bethal, Ermelo, Heidelberg en Standerton, terwyl insp J H Irvine beheer oor die landdrosdistrik van Potchefstroom, wat ook Klerksdorp ingesluit het, uitgeoefen het. Die landdrosdistrikte Pretoria en Middelburg was die verantwoordelikheid van Lt kol J H Breytenbach.³¹

Die Lugmag het vroeg die oggend van 10 Maart 'n verkenningsoperasie oor Benoni en Brakpan uitgevoer, 'n operasie wat die Hoof van die Generale Staf, brig genl A J E Brink, reeds voor die amptelike afkondiging van krygswet gelas het. Drie vliegtuie, bewapen met masjiengewere, maar sonder bomme, het die verkenningsvlug oor Benoni uitgevoer. Die situasie in Benoni was kritiek vir die regeringsmagte, aangesien hulle so te sê deur die stakers omsingel en in 'n hewige geveg gewikkel was. Die vlieëniers het die situasie op die grond ernstig geag en die Handelsaal, waar 'n rooi vlag gewapper het en waarvan die vensters verskans was, as die middelpunt van die onluste in Benoni geïdentifiseer. Ooreenkomstig die neergelegde prosedure het die vlieëniers eers fakkels en later waarskuwingskote gevuur om die oproeriges uiteen te probeer jaag. Die stakers het egter die vliegtuie met hewige geweervuur vanaf die Handelsaal asook privaatwonings begroet. Die vlieëniers het derhalwe masjiengeweevuur op die verskanste vensters van die Handelsaal neergebring. Een van die drie verkenningsvliegtuie het tydens die optrede oor Benoni ernstige skade opgedoen en moes 'n noodlanding noordwes van die dorp uitvoer.³² Met die verkenningsvlug oor Brakpan het vyandelike vuur uit die woud naby die Apex-myn die offisier in bevel, kapt W W Carey-Thomas, noodlottig gewond.³³

31 Unie van Suid-Afrika, Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, 47(1216), 10 Maart 1922, Goevernements Kennisgevingen no 429.

32 SANWA, DC 3520: Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure B: Report on Benoni Reconnaissance to Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, DC 460, lêer 2/52032: Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële onluste, 22 Maart 1922.

33 SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Industrial Disturbances-Rand 1922, Annexure C: Reconnaissance Report on Brakpan Area and Annexure D: Benoni-Brakpan Reconnaissance Report to Air Operations from March 10th to March 15th.

Op die grond het die regeringsmagte in daardie stadium hulle hande vol gehad en was hulle op verskeie plekke in hewige gevegte met die stakers gewikkel. Aan die Oos-Rand was Springs en Brakpan reeds in die hande van die stakers, maar in Benoni het die polisie-magte hulle steeds teen die stakerkommando's se beleg verset. Lt kol D M Macleod het hom met 160 manskappe van die Transvaal Scottish per trein na Benoni gehaas om die polisie te versterk, maar het by Dunswart in 'n skermutseling met lede van 'n stakerkommando vasgeval. Die Transvaal Horse Artillery het 'n uur later tot hulle redding gekom. Die regeringsmagte het daarop 'n taktiese terugtrekking geloods, waarop die Transvaal Scottish en die Transvaal Horse Artillery Benoni later die dag vanuit die suide genader en die polisiebarakke teen agtuur die aand bereik het. Terwyl die grondmagte na Benoni opgemars het om die polisie te hulp te snel, het Lt H C Daniel (vlieënier) en Lt J J C Hamman (waarnemer) ondertussen 'n lugaanval op die Handelsaal geloods. Soos vroeër, het hulle eers weer die voorgeskrewe waarskuwingsprosedures uitgevoer, alvorens hulle die saal met masjiengeweevuur bestook het. Lt Daniel het daarna 'n enkele Cooper's bom laat val, wat agter die saal ontplof het. Dit het die gewenste uitwerking gehad. Twintig stakers het uit die saal gevlug en in privaatwonings gaan skuiling soek. Daniel het daarop ook sy oorblywende bomme gegooi, waarvan twee 'n huis getref en een nie ontplof het nie. Die lugaanval en die versterkings van die Transvaal Scottish en die Transvaal Horse Artillery was egter nie genoeg om die stakers se houvas op Benoni te verbreek nie.³⁴

Brig genl Van Deventer het op 11 Maart in Boksburg aangekom en met Lt kol N H M Burne van die 1ste Berede Skutters en kapt J Fulford, Distrikskommandant van Polisie, vergader om hom op hoogte van die situasie in sy bevelsgebied te bring. Ná bestudering van die verslae oor die Dunswart-voorval en ander insidente, het hy besluit dat die situasie aan die Oos-Rand, veral by Benoni, Brakpan en Springs, kritiek was. Die stakerkommando's het openlike vyan-

34 SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure A: Action by aircraft if ordered to assist the civil power to disperse illegal assembly to air operations from March 10th to March 15th; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 174.

digheid teenoor die regeringsmagte geopenbaar. Hy het derhalwe voortgegaan met sy beplanning om wet en orde, indien nodig, met geweld af te dwing en in oorleg met Lt kol Burne en kapt Fulford die gewapende magte in sy gebied onder die oorhoofse bevel van Lt kol Burne geplaas. Van Deventer het langs dié weg probeer om die optrede van die Polisie- en Staandemageenhede in sy bevelsgebied behoorlik te koördineer. Hy het egter geen betroubare inligting oor die sterktes van die stakerkommando's in Benoni en Brakpan gehad nie en was oortuig dat die beskikbare informasie hul getalle oordryf het. Hy het gevolglik besluit om onmiddellik teen die oproerige elemente in Benoni, Brakpan en Springs op te mars, ten einde die werklike sterkte vas te stel. Dit was na sy mening nodig om onmiddellik teen die stakerkommando's in dié drie dorpe op te tree, ten einde hulle die geleentheid te ontnem om militêre optredes te organiseer. Ná 'n persoonlike verkenning van Benoni het hy besluit om dié dorp die volgende oggend, 12 Maart, om 05:00 binne te val.³⁵

Brig genl P S Beves moes intussen ook lelik bontstaan om die stakers in sy bevelsgebied, Witwatersrand-Sentraal, onder bedwang te kry. Die Jeppe- en Denver-stakerkommando's het op 11 Maart by die Ellispark-sportterrein 'n verrassingsaanval op die Imperial Light Horse geloods terwyl dié eenheid besig was om sy rekrute uit te rus. Dié aanval, waarin meer as twintig regeringstroepen gedood of gewond is, was daarop gemik om die mobilisering van die Aktiewe Burgermagreserwes te verhinder. Die Durban Light Infantry het geluktydig met die stakeraanval op die Imperial Light Horse in Johannesburg (Parkstasie) aangekom en hom na Ellispark gehaas om bystand te verleen. Die Imperial Light Horse het dadelik 'n teenoffensief geloods en deur die loop van die dag, met die hulp van die Durban Light Infantry, die aanvallers uit die gebied verdryf. Met die versterkings van die Durban Light Infantry en die steun van die Lugmag tot sy beskikking, het brig genl Beves besluit om op 12 Maart 'n teenoffensief teen die stakerkommando's te loods. Sy doel was om die druk op die polisie wat in die rante noordwes van Johannesburg be-

35 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922.

leër was, te verlig en die opstandelinge se houvas in sy kontrolegebied te verbreek.³⁶


5. Die onderdrukking van onluste op die Oos-Rand

Die beplande aanval teen Benoni het stiptelik om 05:00 op 12 Maart onder leiding van Lt kol Burne van stapel geloop. Die aanvalsmag, bestaande uit eenhede van sowel die Staande Mag as die Aktiewe Burgermag, was 351 man sterk. Dié mag het teen 06:30 by die swart- en Indiërwoonbuurt aangekom, waar hulle aansluiting gevind het by die 1ste Berede Skutters onder maj J F Wolmarans en twee polisie-eenhede, A- en H-eskadron, onder bevel van kapts J Fulton en H Halse. Die onmiddellike doelwit was om die stakerkommando's by die staalfabriek te verslaan en dan daarvandaan die dorp verder binne te val. Die regeringsmagte het om 11:00 met hul aanslag begin en dadelik onder hewige vuur van die staalfabriek af gekom. Lt kol Burne het sy aanval op die staalfabriek met artillerievuur uit twee stellings ondersteun, wat 'n belangrike bydrae daartoe gelewer het om die stakerkommando's sowat 'n uur later uit hul stellings te verdryf en in 'n oostelike rigting deur die dorp te laat terugval. Burne het daarop sy aanmars-as verskuif, sodat die geveg langs Hoofrifweg voortgesit is. Hy het teen 16:00 'n gedeelte van die Standerton-Ooskommando onder kmdt P Botha as versterkings ontvang, waarna hy begin het om sy posisie te konsolideer. Die stakers het deurentyd sluipskuttervuur vanaf dakke, landerye en vrugteboorde op hom neergebring, maar hy het teen 17:00 daarin geslaag om dit met kleingeweer- en artillerievuur te onderdruk.³⁷

Lt kol Burne het die aanval op Benoni teen 17:00 afgelas, sodat hy sy mag kon herorganiseer en sy posisie voor donker verder kon konsolideer. Die Burgermagreserwe het ondertussen deur die loop

36 G R Kent, *Through the red revolt on the Rand, a pictorial review of events. January, February, March, 1922*, 2nd ed (Pretoria: Argus Printing and Publishing and Central News Agency, [sa]): 2 (SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling); Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 179-81.

37 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922 and Reports by Lt col N H M Burne, Commanding Composite Force to GOC no 2 Control Area, 17 March 1922.



Figuur 1: Van Deventer se opmars na die Oos-Rand³⁸

van die dag op Oos-Rand Stasie aangekom, maar was uiters swak toegerus. Ammunisie en wapens van Pretoria af het later die aand saam met die laaste kommando aangekom, waarna dit aan die kommando's uitgedeel is. Die kommando's het daarop opdrag ontvang om die volgende oggend by Burne se magte te Dunswart aan te sluit. Dié beweging het teen 06:30 die volgende oggend, 13 Maart, 'n aanvang geneem, waardeur Burne se magte met 'n verdere 66 offisiere en 831 manskappe tot meer as 'n duisend man versterk is. Dié versterkings het bestaan uit die res van die Standerton-Oos-kommando, die Blesbokspruit-kommando (Standerton), die Heidelberg-kommando, Hoogveld-kommando (Heidelberg), die Roodekoppe-kommando (Standerton) en die Standerton-Wes-kommando. Die onberede afdelings van die onderskeie kommando's, 295 man sterk, het by die Oos-Rand Stasie as 'n reserwemag agtergebly.³⁹

38 Kent, *Through the red revolt on the Rand*, [sa]: 1; SANWA, Aanwinste 47, Genl. Brink-versameling: Erkenning word graag aan Lt kol J J Jacobs, Departement Militêre Geografie, Fakulteit Krygskunde, verleen vir die verwerking van die oorspronklike kaart.

39 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922 and Reports by Lt col N H M Burne, Commanding Composite Force to GOC no 2 Control Area, 17 March 1922.

Burne het sy aanval op Benoni op 13 Maart hervat, met die samegestelde mag in die middel en die Hoogveld-kommando, Standerton-Oos- en Standerton-Wes-kommando's op die linkerflank om Benoni uit die noordweste te omsingel. Op die regterflank was die Blesbokspruit- en Roodekoppe-kommando's, wat insgelyks 'n omsingelingsbeweging van stapel gestuur het. Die Heidelberg-kommando het nie aan die aanval deelgeneem nie, maar is in reserwe gehou. Die operasie het volgens plan verloop en die beleërde polisie- en Staandemagelemente is reeds teen 10:00 die oggend ontset. Die aankoms van die kommando's het, aldus Lt kol Burne, so 'n verlamende effek op die stakerkommando's gehad, dat hulle feitlik geen weerstand gebied het nie. Die aanvalsmag het verskeie verlate hindernisse oorgesteek en tot by die gefortifiseerde Handelsaal opgeruk. Burne het die saal tydelik beset en met opruimingswerk begin. Aangesien dit moeilik was om tussen lede van die stakerkommando's en algemene publiek te onderskei, het hy alle mans wat die wapen kon opneem, aangekeer. Hulle het in aanhouding gebly totdat hulle behoorlik geïdentifiseer kon word en bevredigende rekenskap van hul doen en late kon gee. Die onberede kommando-elemente wat by Oos-Rand Stasie in reserwe gehou is, het opdrag gekry om Benoni te beset en die polisie by te staan.⁴⁰

Die volgende prioriteit op brig genl Van Deventer se program was die ontsetting van Brakpan. Hy het gevolglik die berede manskappe by die aansluiting van Modderfontein- en Brakpanweg gekonsentreer, waarvandaan hy teen 12:30 met 'n opmars teen Brakpan begin het. Die aanvalsmag het die Brakpanmyn en -kragstasie 'n uur later sonder teenstand beset en die Brakpanpolisiestasie teen 14:30 ontset. Daar was oor die algemeen min weerstand, behalwe vir sporadiese sluipskuttervuur wat spoedig deur kleingeweer- en artillerievuur onderdruk is. Die opruimingswerk het insgelyks glad verloop en verskeie verdagtes is aangekeer vir ondervraging deur die polisie.

40 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 176; SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by Lt col N H M Burne, Commanding Composite Force to GOC no 2 Control Area, 17 March 1922.

Kmdt J J Alberts het Springs ondertussen ook sonder enige noemenswaardige weerstand beset, waardeur die stakerkommando's se houvas op die Oos-Rand finaal verbreek is. Die verliese van die ontsettingsmag onder brig genl Van Deventer het vyf dooies en negentien gewondes beloop. Die verliese aan die stakers se kant was sewentien dooies en 'n onbekende aantal gewondes.⁴¹

6. Die onderdrukking van onluste aan die Wes-Rand

Die situasie was veel kalmer in gedeeltes van die Wes-Rand as op die Oos-Rand. Die meeste polisiestasies het nie op 10 Maart onder aanvalle deur plaaslike stakerkommando's deurgeloopt nie. Dit het egter nie die moontlikheid van toekomstige aanvalle uitgesluit nie en die regeringsmagte het spoedig ook op die Wes-Rand ontplooi. Kmdt Wolfaardt het op 11 Maart met 'n burgerkommando uit die Hekpoort-omgewing in Krugersdorp opgedaag, wat moontlike stakerkommando-optredes daar in die kiem gesmoor het. Lt kol A H M Nussey, die bevelhebber aan die Wes-Rand, was reeds met sy mag per trein van Potchefstroom af op pad en het op 12 Maart in Krugersdorp aangekom. Hy het verskeie burgerkommando's onder sy bevel gehad, waaronder die Magaliesberg- en Luipaardsvlei-kommando.⁴² Dié magte het ongehinderd tot by Witpoortjie opgeruk, waarna hulle op 13 Maart per trein na Roodepoort vertrek het. 'n Gepantserde trein het die troepetreine begelei, terwyl hulle ook deur die loop van die oggend lugdekking geniet het.⁴³


Die stakerkommando's het nie Lt kol Nussey se aankoms op Roodepoort teengestaan nie en hy het ook geen weerstand met die beset-

41 SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling, lêer General G E Brink papers: The Rand Revolution 1922, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922 and Reports by Lt col N H M Burne, Commanding Composite Force to GOC no 2 Control Area, 17 March 1922; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 261.

42 W Urquhart, *The outbreak on the Witwatersrand, March 1922* (Johannesburg: Hor-tors Ltd, 1922): 93-4; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 178.

43 SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure N: Report on Dispatch and Reconnaissance for Colonel Nussey to Air Operations from March 10th to March 15th.

ting van Florida ondervind nie. Hy het daarop 'n aanval geloods teen stakerkommando's wat in die rante noord van Maraisburg ingegrawe was. Elemente van die Lugmag is weereens in 'n verkenningsrol ingespan, asook om die konsentrasie van stakerkommando's in die woude en koppies in die omgewing te verhoed.⁴⁴ Nussey het ná die verdrywing van die stakermag met opruimingswerk in die besette gebiede aan die Wes-Rand begin en verdagte persone vir ondervraging aangekeer. Die regeringsmagte het tydens die opruimingsproses op verskeie gewere, asook 'n hoeveelheid ammunisie en dinamietkerse met lonte en slagdoppies beslag gelê. Nussey het ondertussen ook reeds begin om sy magte vir 'n aanslag op die stakerkommando's se vesting by Fordsburg te ontplooi.⁴⁵



Figuur 2: Operasies op die Wes-Rand en Witwatersrandsentraal⁴⁶

44 SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure N: Report on Dispatch and Reconnaissance for Colonel Nussey to Air Operations from March 10th to March 15th.

45 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 178; Steyn, *Stakings aan die Rand*, 1992: 39.

46 Kent, *Through the red revolt on the Rand*, [sa]: 1; SANWA, Aanwinste 47, Genl Brink-versameling. Erkennung word hiermee aan lt kol J J Jacobs, Departement Militêre Geografie, Fakulteit Krygskunde, verleen vir die verwerking van die oorspronklike kaart.

7. Die onderdrukking van onluste in Witwatersrand-sentraal

In Witwatersrand-Sentraal het brig genl P S Beves op 12 Maart 'n aanslag geloods teen die stakerkommando's van Newlands en Vrededorp wat die Brixton-rant beset en twee polisie-eenhede (F- en J-eskadrons), onderskeidelik onder bevel van maj S Hutchons en kapt J W Carruthers, beleër het.⁴⁷ Beves wou met dié operasie 'n dubbele slag slaan. Dit moes eerstens dien as teenoffensief ná die stakeraanval op die Imperial Light Horse by Ellispark-sportgronde die vorige dag, ten einde die stakerkommando's se beheer oor die gebied onder sy bevel op te hef. Tweedens moes die aanval ook die ontsetting van die beleërde polisiemagte by Brixton-rant bewerkstellig.

Lt kol E F Thackeray, wat die aanval teen Brixton-rant gelei het, het 'n besondere moeilike taak gehad. Die gekombineerde aanwending van lug- en grondmagte het hom egter in staat gestel om die knoop deur te haak. Die posisie van die beleërde polisiemagte op Brixton-rant was uiters benard. Hulle was totaal van die buitewêreld afgesny, terwyl hul ammunisievoorraad baie laag was en hulle geen kos of water meer oorgehad het nie. Hulle was egter vasbeslote om hul posisie ten alle koste te hou, selfs al moes hulle dit met bajonette verdedig. Ten einde hul posisie te verlig, is daar besluit om op die oggend van 12 Maart vir hulle brood en ammunisie per vliegtuig af te gooi. Voordat dié aanvullingsoperasie van stapel geloop het, het die Minister van Verdediging, kol H Mentz, egter eers per vliegtuig 'n boodskap aan maj Hutchons laat aflewer, wat die moreel van die beleërde magte aansienlik verhoog en hulle op die koms van die ontsettingsmag voorberei het.⁴⁸ Dié boodskap het gelees: "A combined attack is being made today to relieve you. Hold on. The Minister of Defence admires your pluck and endurance, and every nerve is being strained so that your splendid effort will not be in vain".⁴⁹

⁴⁷ Anon, *The Red Revolution*, 1922: 270.

⁴⁸ SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure H: Report on Attack, Brixton and Annexure I: Reconnaissance Report, Auckland Park to Air Operations from March 10th to March 15th; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 271; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 181.

⁴⁹ Anon, *The Red Revolution*, 1922: 270.

Ses vliegtuie het teen 08:30 op die oggend van 12 Maart oor die beleërde stellings gevlieg en 'n voorraad brood en ammunisie afgegooi. Die brood was egter van weinig waarde, aangesien die manne se monde so droog was dat hulle dit beswaarlik kon afsluk! Die ammunisie het egter welkome verligting gebring en die beleërdes in staat gestel om hul posisie te hou totdat hulle deur die aanvalsmag ontset is. Benewens dié waardevolle logistieke ondersteuning het die Lugmag ook tydens die geveg noue lugsteun aan die grondmagte verskaf. Die vliegtuie het die versterkte, ingegraafde stelling van die stakers effektief met masjiengeweevuur en bomme aangeval. Dit het nie alleen die stakervuur op die beleërde posisies grootliks onderdruk nie, maar het ook daartoe gelei dat verskeie lede van die stakerkommando's hulle aan die beleërde polisiemagte oorgegee het. Die polisie het egter steeds onder hewige vuur gekom die oomblik wat die vliegtuie onttrek het.⁵⁰

Lt kol Thakeray se grondmagte het Brixton-rant teen 11:00 vanuit die noorde en die ooste aangeval, ondersteun deur artillerievuur van die Transvaal Horse Artillery onder aanvoering van maj F B Adler. Die Durban Light Infantry, wat vanuit die noorde en noordooste na Brixton-rant opgeruk het, het teen 14:00 daarin geslaag om die beleërde magte te bereik. Hulle het nie noemenswaardige verliese gely nie, maar die Transvaal Scottish, wat uit die suidooste aangeval het, het drie dooies en 29 gewondes afgestaan. Teen 15:00 die middag was die beleg van die twee polisie-eenhede opgehef en het die regeringsmagte gehergroepeer ter voorbereiding vir 'n oorwoë aanslag op Fordsburg, die laaste oorblywende stakerversting, op 14 Maart.⁵¹

50 SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; SANWA, Industrial Disturbances-Rand 1922; SANWA, DC 3520, lêer DAS 7/2, Annexure H: Report on Attack, Brixton and Annexure I: Reconnaissance Report, Auckland Park to Air Operations from March 10th to March 15th; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 181; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 271.

51 Anon, *The Red Revolution*, 1922: 271; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 183.

7. Die aanval op Fordsburg

Verkenningsvlugte oor Fordsburg op 13 Maart het aan die lig gebring dat die stakerkommando's die markplein en die Marksaal in 'n fort omskep en met onderling-verbinde loopgrawe omring het. 'n Dubbele borswering is ook in die hoofstraat opgerig en die stakerkommando's was in 'n sterk rondomverdedigingsposering ontplooi. Voordat die regeringsmagte dié stellings op 14 Maart aangeval het, het hulle pamflette uit vliegtuie oor Fordsburg afgegooi om die vroue, kinders en lojale burgers teen die aanval, wat om 11:00 sou begin, te waarsku. Dit het tot gevolg gehad dat 'n groot getal mense, hoofsaaklik vroue en kinders, Fordsburg verlaat en op die Milnerparkse skouterrein versamel het. Die stakerkommando's het 'n halfuur voor die beplande aanval onder 'n wit vlag uit hul stellings gekom en versoek om oor vredesvoorwaardes te onderhandel. Brig genl Beves het egter dié versoek van die hand gewys en geëis dat hulle vóór 11:00 onvoorwaardelik oorgee. Die stakerleiers het dié eis verwerp, waarop die aanval stiptelik om 11:00 van stapel geloop het.⁵²

Die regeringsmagte het hul aanval met 'n artillerievoorbombardement op die stakerkommando's se defensiewe stellings ingelui, waarop die infanteriemagte wat Fordsburg omsingel het, tot die aanval oorgegaan het. Die Durban Light Infantry, ondersteun deur die Rand Light Infantry, het uit die noorde aangeval, die Transvaal Scottish, met die spesiale polisiemag van Lt kol Godley op hul linkerflank, uit die noordooste en Lt kol Nussey se magte uit die weste. Die artillerievoorbombardement het die stakerkommando's effektief ontwrig en die taak van die aanvallende infanterie aansienlik makliker gemaak. Soos tydens die voorafgaande gevegte het die regeringsmagte deurentyd onder sluipskuttervuur deurgeloopt, terwyl hindernisse in die strate hul aanmars ietwat vertraag het. Die aanvallende infanterie het nietemin teen 14:00 die markplein bereik en die stakerkommando's tot oorgawe gedwing. Daarna het die normale opruimingsoperasies gevolg om die skuilskutters uit te skakel en lede van die stakerkommando's wat nog op vrye voet was, aan te keer. Die rege-

52 SANWA, DC 3520, Union of South Africa, Air Operations from March 10th to March 15th; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 184-5; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 276-7.

ringsmagte het geen noemenswaardige verliese tydens die aanval op Fordsburg gely nie. Twee stakerleiers, P Fisher en H Spendiff, het volgens die amptelike verslag oor die gebeure selfmoord gepleeg. In die gees van die tyd was daar egter aantygings dat hulle deur die regeringsmagte vermoor is.⁵³

8. Konsolidasie en demobilisasie

Die stakerkommando's se greep op die Witwatersrand was teen 15 Maart totaal gebreek. 'n Gedeelte van die regeringsmagte, waaronder die Transvaal Horse Artillery en die Transvaal Scottish, is dadelik gedemobiliseer. Die res het met die finale opruimingswerk, hoofsaaklik die opsporing van oorblywende groepe gewapende stakers, waarin die Lugmag 'n waardevolle ondersteuningsrol gespeel het, voortgegaan. Die vakbondleiers het teen 17 Maart besluit om die staking af te gelaas, waarop die demobilisasie van die Burgermagreserwe op 18 Maart 'n aanvang geneem het en teen die oggend van 22 Maart afgehandel is. Die res van die Staandemag- en Aktiewe Burgermagede hede het agtergebly totdat Lt kol Godley, die Adjunkkommissaris van Polisie aan die Witwatersrand, op 22 Maart sy normale pligte met betrekking tot die handhawing van wet en orde hervat het.⁵⁴

Die Krygswetkommissie het na afloop van die staking die totale verliese van die 1922-nywerheidsontluste aan die Rand op 687 gestel, te wete 153 dooies en 534 gewondes. Soos uit onderstaande tabelle blyk, was 396 (57.6%) van hulle burgerlikes, waarvan 239 (34.8% van die totale verliese) vermoedelik onskuldige lede van die publiek wat in die kruisvuur vasgevang is. Agtien van die oproermakers is ná afloop van die nywerheidsontlus ter dood veroordeel, waarvan vier, H

53 Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 185-6; Anon, *The Red Revolution*, 1922: 275-7.

54 SANWA, Aanwinste 47, Genl. Brink-versameling, lêer General G E Brink papers, *The Rand Revolution 1922*, Reports by GOC no 2 (East Rand) Control Area to Chief of General Staff, 30 March 1922; SANWA, DC 460, lêer 2/52032, Memorandum insake die aandeel van die Unie Verdedigingsmag in die onderdrukking van die afgelope industriële ontluste, 22 Maart 1922; Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, 1982: 187.

Fokkens & Visser/Die rol van die Unieverdedigingsmag

K Hull, D Lewis, S A Long en C C Stassen op 17 November 1922 gehang is vir moorde wat tydens die staking gepleeg is.⁵⁵

Tabel 1: Ontleding van totale verliese tydens die nywerheidsnorus aan die Witwatersrand, 1922

Groep	Gedood	Gewond	Totaal
Militêre magte	43	133	176
Polisie	29	86	115
Siviël	81	315	396
Totaal	153	534	687

Tabel 2: Ontleding van burgerlike verliese tydens die nywerheidsnorus aan die Witwatersrand, 1922

Groep	Gedood	Gewond	Totaal
Revolusionêres	11	45	56
Vermeende revolusionêres	28	73	101
Onskuldige blankes	18	69	87
Ander onskuldiges	24	128	152
Totaal	81	315	396

Die Nasionale Party onder genl J B M Hertzog het die Smuts-regering se hardhandige optrede teen die stakers en die gepaardgaande lewensverlies weldeeglik vir politieke gewin uitgebuit. Hulle het Smuts as hoofargitek van die bloedbad uitgesonder en sy optrede, veral die afkondiging van krygswet, as “platskiet politiek” gebrandmerk. Die teregstelling van Hull, Lewis, Long en Stassen het vanuit blanke geledere ook skerp kritiek teen Smuts ontlok, wat die politieke opposisie insgelyks maksimaal vir eie gewin uitgebuit het. Daar word allerweë aanvaar dat die kritiek wat die Smuts-regering hom met sy hantering van die 1922-nywerheidsnorus op die hals gehaal het, daartoe bygedra het om hom tydens die 1924-verkiesing die onderspit teen die Nasionale Party/Arbeidersparty-koalisie te laat delf.⁵⁶

55 Hancock, *Smuts: the fields of force, 1919-1950*, 1968: 84-8; Simons & Simons, *Class and colour in South Africa*, 1983: 296.

56 Hancock, *Smuts: the fields of force, 1919-1950*, 1968: 86-8; Simons & Simons, *Class and colour in South Africa*, 1983: 296.

9. Slot

Ofskoon die regering skerp kritiek weens sy aanwending van die militêre mag in die onderdrukking van die 1922-stakings uitgelok het en dit klaarblyklik in 1924 gehelp het om sy ondergang by die stembus te bewerkstellig, was dit 'n noodsaaklike stap. Die SA Polisie was nie in staat om die opstande te onderdruk nie. Sonder die ingryping van die Unieverdedigingsmag sou die regering spoedig beheer verloor het en die land in totale chaos gedompel gewees het. Die Unieverdedigingsmag het met sy optrede duidelik getoon dat hy wel deeglik in staat was om die staatsgesag te beskerm en wet en orde met die minimum verliese te handhaaf. Die nywerheidsnluste van 1914, die Rebelle van 1914-1915 en die Bulhoek-opstand van 1921 het aan hom die nodige ervaring verskaf om die nywerheidsnluste van 1922 vinnig, effektief en met die mins moontlike verliese aan beide kante te onderdruk.

Die taktiese suksesse wat die regeringsmagte teen die stakerkommando's behaal het, kan, afgesien van die voordeel van bovermelde ervaring, hoofsaaklik aan drie faktore toegeskryf word. Die eerste hiervan was die vinnige mobilisering van die Unieverdedigingsmag, wat verhoed het dat die stakers hul posisies kon konsolideer en hulle behoorlik kon ingrawe. Die tweede faktor was die effektiewe aanwending van die lugkrag, sowel in 'n verkenningrol as in die opbreking van stakerkonsentrasies en die bestoking van versterkte stellings. Die derde faktor was die gekoördineerde aanvalle met oorweldigende vuurkrag — kleingeweervuur, artilleriesbombardemente en lugbestoking. Die aanwending van artilleriesvuur om skuilskutters te onderdruk was besonder effektief en het 'n deurslaggewende rol gespeel om die regeringsmagte se verliese te beperk, veral tydens die finale aanslag op die gefortifiseerde stakerstellings by Fordsburg.

Ofskoon die aanwending van vliegtuie en kanonne in die onderdrukking die 1922-nywerheidsnluste besonder oordadig mag voorkom, was dit 'n noodsaaklike en effektiewe maatreël om verliese te beperk. Daarsonder sou die gevegte sekerlik veel langer aangehou en die verliese aan beide kante waarskynlik veel hoër gewees het. Die regeringsmagte het voldoende maatreëls getref om te verhoed dat die algemene publiek in die kruisvuur beland, hetsy by wyse van proklamasies, berigte in die pers of die strooi van pamflette uit vliegtuie.

Fokkens & Visser/Die rol van die Unieverdedigingsmag

Soos die geval met haas elke militêre konfrontasie is, was dit ten spyte van dié maatreëls onmoontlik om onskuldige verliese heeltemal te vermy. Die relatief hoë verliese van die regeringsmagte was onvermydelik, gegewe die feit dat hulle offensief moes optree teen 'n vyand wat hulle meestal in goed voorbereide verdedigingstellings ingewag het. Daarby was baie van die stakers veterane van die Eerste Wêreldoorlog wat goed rekenskap van hulself op die slagveld kon gee. Voorts het die stedelike omgewing, benewens die ooglopende verskansingsvoordele wat dit vir die stakerkommando's ingehou het, ook uitstekende stellings aan skuilskutters gebied vanwaar hulle die regeringstroep kon afmaai.